**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 6 NOVEMBER 2019 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL - NOMMER 8/2019**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Frik Nel open met gebed. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering en 'n baie spesiale welkom aan Johan Muller en baie dankie vir alles wat hy doen vir die Tergniet omgewing. Welkom aan Shawn Westerberg en Jo-Ann Pieterse van die Munisipaliteit.

## 2. TEENWOORDIG EN VERSKONINGS

**Teenwoordig:**

George Nezar (GN) (Voorsitter)
Mike Wray (MW)
Johan Spies (JS)
Greg Mitchell (GM)
Johann Muller (JM)
Pieter Le Roux (PLR)
Marilyn Collins (MC) (Skriba)
Jacques Radly (JR)
Buks Pieterse (BP)
André Smit (AS)
Annatjie Janse van Rensburg (AJvR) (Raadslid W4)
Kobus Kotze (KK)
Anton Dellemijn (AD) (Raadslid W5)
Sollie Grobler (SG)
Frik Nel (FN)
Jo-Ann Pieterse (JP) (MBM Bouinspekteur)
Shawn Westerberg (SW) (MBM Bouinspekteur)

**Verskonings:**

Ann Pretorius
Eric Marais
Cecil Barry
Charl Coetzer

## 3. LIEF EN LEED

Frik Nel word gelukgewens met sy verjaardag op 12 November.

## 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van 2 Oktober word aanvaar ( André Smit en Johan Spies gesekondeer.)

## 5. VERSLAG BOUINSPEKTEUR – Jo-Ann Pieterse

a. Woning in Taaibosstraat 12 wat al vir bykans 'n jaar onklaar staan. Shawn noem aan die vergadering dat daar geskiedenis rakende hierdie eiendom is en dat daar reeds verskeie kennisgewings uitgereik is hieromtrent. Volgens die "Act" moet daar binne 'n drie maande tydperk vordering wees, dus kan die saak na die hof verwys word. Jo-Ann sal die saak verder monitor.

b. Boumateriaal op sypaadjie voor Taaibosstraat 5 en wat nie gebruik word nie. Volgens Shawn is dit is nie boumateriaal nie, maar bakstene op erf. Dit lê ook nie nie op die sypaadjie nie maar op die erf waarvoor die eienaar eienaar goedkeuring gegee het. Jo-Ann sal die bouer wel vra of die stene na die bouperseel verskuif sal kan word.

c. Onwettige toegange in Impalalaan. Hierdie aangeleentheid is aan die bouinspekteurs deurgegee en kry aandag.

d. Oorlaaiplek in Impalalaan waar sloot gegrawe is. Daar is ongelukkigheid oor die sluiting van die oorlaaiplek aangesien vragmotors met sleepwaens geen stilhouplek het en skade aanrig aan die binnestrate van ons area. Rdl Anton sal ons bekommernis oordra aan Dir. Dick Naidoo.

e. Impala 84, oorskryding van afdak op padreserwe. Bou-ispekteur sal dit opvolg om te bepaal of dit wel 'n oorskryding is.

f. Onwettige ingang van Hardeware na Erf 439, Reebok vanaf Erf 438, Reebok. Johan Spies bevraagteken sekere punte rakende die hardeware winkel soos bv. Afvoerwater, brandgevaar, toeganshek en dan ook die wettigheid van die "container" op die perseel. Shawn vra vir Jo-Ann om aandag te gee aan hierdie punte. George vra dat die bou-inspekteur terugvoer sal gee in hierdie verband.

g. Johan Spies wil ook ERF 817,Seekatstraat 42 onder die bou-inspekteur se aandag bring. Dit is 'n verlate gebou vir meer as 12 maande. Die bure is baie bekommerd oor vreemdelinge wat daar oorbly. Shawn sal dit opvolg en kennisgewings uitstuur.

.**Terugvoering op sake**:

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES

6.1 Erf 271 en 264 – Eiendomsreg – George Nezar

**Terugvoer :** Die fasiliteerder, mnr Makan, het onlangs berig dat hy nou sy verslag aan die Minister voltooi het en dat dit tans by die Provinsiale Regsafdeling is vir nagaandoeleindes, waarna dit aan die Minister voorgelê sal word. (D Steyn – 18 Okt 2019 )

Die Voorsitter verseker die vergadering dat die hand op die pols gehou word oor hierdie erwe en dat dit voortdurend opgevolg sal word.

6.2 Trappe Olckersstraat – Rdl Anton

Die kwessie is opgevolg met die eienaars aangesien die trappe baie onstabiel is. Alhoewel die trappe is op privaatgrond is, is die publiek onder die indruk dat dit 'n munisipale struktuur is. Shawn sal dit opneem met hul regsafdeling aangesien dit 'n gevaar vir die pupliek inhou.

6.2 Vergadering met Altus en andere – 31 Oktober 2019
Solly Grobler gee terugvoer en lig die vergadering in dat die Belastingbetalersvereniging hul versoeke nie deur die regte kanale en persone voer nie. Tans word alle navrae na Altus gekommunikeer maar na regte is Dick Naidoo en Pieter Myburg die persone wat verantwoordelik is vir navrae in hierdie gebied.
Die vergadering met die ingenieurs was egter baie interessant en hul is baie tegemoetkomend. George vra dat die regte kanale gevolg moet word en bedank Sollie vir sy moeite met die vergadering.

6.3 Vakansiemoniteringsvergadering – 15 Oktober 2019

Jaques Radley gee terugvoer dat van die stopstrate nog dof is en nog geverf moet word.

Geen vuurweke word toegelaat nie. Daar is egter nog 2 besighede wat lisensies het om vuurwerke te verkoop.

Die Voorsitter vra dat vuurwerke gerapporteer moet word, maar dat jy dan ook bereid moet wees om in hof te gaan getuig daaroor.

6.4 Droë takke in groenstrook vanaf hoek van Wildeperske rigting Kleinbrak, brandgevaar. Jaques gee terugvoer dat die takke nie op munisipale grond lê nie. – Brandweer kontak.

6.5 . Stormskade Kusweg - Wes van De Jagerstraat. – Johan Muller sê dat hierdie kwessie reeds reggestel is. Solly stel voor dat daar aan die see se kant “gabions” gepak moet word om die wal te versterk. Die voorsitter vra dat die situasie gemonitor moet word.

Die voorsitter vra vir André Smit om aan hom ‘n epos te stuur rakende die saak wat hy geopper het aangaande die plaveisel en die invloed daarvan op stormwater by Rheebok Village Estate.

6.6 Kalmering van spoed – verskeie versoeke deurgestuur – Rdl Annatjie

Nuwe stopstrate is afgekeur, spoedhobbels is ook nie in die verlede goedgekeur nie. Die inwoners stop nie by die stopstrate nie. Volgens Raadslid Annatjie is Robertsonlaan ‘n probleem, mense kan nie by hul erwe uitry nie. Anton sê daar is verskeie sketse gemaak vir stopstrate maar dis die inwoners wat nie by die spoedgrense hou nie.

6.7 Besighede in Riverside – Kobus Kotze

Die Voorsitter het voorgestel dat daar deur besighede aansoek gedoen moet word vir moontlike verslapping van Munisipale tariewe vir besighede wat skade lei weens die padwerke.

Anton word gevra vir insette en om dit op die raadsvergadering te opper om besighede tegemoet te kom.

Die vergadering besluit dat besighede moet self hierdie saak hanteer.

## 7. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING

7.1 Skrywe John Robertson – George Nezar
**Terugvoer :** George sê dat hy vir almal die skrywe per epos gestuur het. George se ook dat daar ‘n persverklaring uitgereik sal word rakende die beplanning en toestand van die paaie deur die raadgewende ingenieurs en dat dit ook aan die belastingbetalersvereniging gestuur sal word.

Annatjie is besig met die probleem. Anton bevestig ook dat dit ‘n proses is wat aan die gang is en dat die probleem aangespreek word.

Kobus is ongelukkig oor die konstruksie. George verduidelik dat hul vanaf 2008 sukkel om die R102 paaie opgegradeer te kry en dat almal net bietjie geduldig moet wees met die proses.

George se antwoord aan John: Hierdie saak kan op ‘n ander platform hanteer word, ongelukkig nie van die Belastingbetalersvergadering se kant af nie. Annatjie voel dat John rustig gemaak moet word. Raadgewende Ingenieurs moet betrek word en die provinsiale raad moet verder hanteer.

Paul Laubscher van Kantey en Templer moet die vordering van die R102 in ‘n persverklaring noem. Hy is bewus van die brief vanaf John Robertson aan George Nezar.

7.2 Toegang na spoor in Seesterlaan – Kompakteer loopoppervlak?
Inwoners versoek dat die loopoppervlak gekompakteer moet word aangesien daar baie los sand is. Anton Dellemijn sal die kwessie deurgee aan die Munisipaliteit.

7.3 De Jagerstraat – Die Voorsitter rig ook ‘n versoek aan Anton Dellemijn om die verwydering van bossies op die plaveisel in De Jagerstraat met die Munisipaliteit te bespreek.

7.4 Slik in rivier 1st Laan, Kobus Kotze Daar is ‘n afskrif gestuur deur Annetjie.

***Terugvoer:*** **Warren Manuel**:A site inspection was conducted and the 'green stuff' visible in the photograph is macro-algae. The proliferation of algae is due to the fact that the water in that area is not really flowing anywhere given the dry conditions; and the fact that there may be diffuse sources of nutrients. It is similar to what is happening in Great Brak. There is not much that can be done.

Die Voorsitter bevestig dat daar nie vloei van water is nie omdat dit droog is, dit is 'n natuurlike proses.

Kobus Kotze vra of dit nie 'n gesondheidsrisiko is nie, waarop die vergadering beslis dat dit wel kan wees, maar dat die mond slegs met vloedwater oopgespoel sal kan word.

7.5 Stoptekens Grysbok en Gordonia kruising.

***Terugvoer:*** Ons erken ontvangs van u skrywe in bogemelde verband en bevestig dat die saak aandag geniet.

8. **FINANSIES –** Mike Wray

Daar word versoek dat die huur van die Reeboksaal op 'n jaarlikse basis betaal sal word.
Die Voorsitter bevestig dat D Jooste se vergoeding van R3,000 aan haar oorbetaal kan word.

9. **Website instandhouding – Klaus Oellrich –** Ons E-posadres **info@midbrakratepayers.co.za**

10. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEE-RAADSVERGADERINGS – Waterbeperkings**

Daar word voorgestel dat SMS'e deur die Munisipaliteit uitgestuur moet word om almal van die waterbeperkings in kennis te stel. Die Voorsitter sê dit is elke inwoner se plig as burgers, om almal in te lig dat ons waterbeperkings het. Frik Nel noem dat verhoogde tariewe nie waterbesparing teweeg sal bring nie, maar eerder die gemeenskap ongelukkig gaan maak.

Die vergadering versoek dat aan die Munisipale raad oorgedra moet word dat indien damvlakke laer as 50% daal, daar n moratorium geplaas moet word op die goedkeuring van alle nuwe ontwikkelings en bouplanne goedkeurings.

11. **WYKSKOMITEES** – Geen Terugvoer

12. **BEWAREA -** midbrak conservancy/bewarea – facebook is baie aktief.

13. **PROJEKTE –** Geen nuwe projekte nie.

14. **POLISIëRING/BUURTWAG**

14.1 Misdaad – verslag: Jacques Radley gee terugvoer dat inbrake met 38% op is en internetbedrog met 250%. 5 Daarvan is in ons gebied.

Jacques noem dat daar op 2 Desember om 18:00 'n Buurtwagvergadering in die Reeboksaal gehou sal word en dat daar 'n massa optog saam met die Polisie, Brandweer en Ambulansdiens op 16 Desember sal plaasvind. Hierdie aangeleentheid begin om 15:00 by Grootbrak via Glentana en dan weer terug na Grootbrak.

14.2 Tekens van Huisnommers is nog beskikbaar @ R100

15. **<u>KORRESPONDENSIE – Geen</u>**

16. **<u>PLAASLIKE SAKE</u>**

| | | |
|---|---|---|
| 16.1 **De Lange Uitbreiding** | Ann Pretorius | |
| 16.2 **Toekoms** | | |
| 16.3 **Rheebok Village/Groenkloof** | Andre Smit en | |

| | | |
|---|---|---|
| | Charl Coetzer | |
| 16.4 **Fraaiuitsig** | Frik Nel en Greg Mitchell | |
| 16.5 **Tergniet** | Johan Muller en Johan Spies | |
| 16.6 **Tergniethoogte** | Mike Wray en George | |
| 16.7 **Reebokhoogte** | Jacques Radley | |
| 16.8 **Reebokrif** | Buks Pieterse en Eric Marais | |
| 16.9 **Reebok :Noord** van die Spoorlyn<br><br>**Suid** van die Spoorlyn | Sollie Grobler<br><br>Cecil Barry | Tsesebe 27<br>Bouperseel? |
| 16.10 **Klein Brakrivier** | Pieter le Roux<br>Marilyn Collins | Heynsstraat se trappe?<br>Reeds herstel. |
| 16.11 **Riverside** | Kobus Kotze | |

17.**ALGEMEEN:**

- Andre Smit maak verskoning, hy sal eers weer Maart se vergadering kan bywoon.
- Johan Muller stel voor dat daar boetes op persone gelê moet word wat vullis, bourommel, staal, kruiwaens, boomstompe soos spesifiek in Kusweg stort.
- Hierdie voorstel en die storting op erwe moet deurgegee word aan verkeer.
- Die Voorsitter bevestig dat daar slegs 2 groen sakke per week uitgesit mag word.
- Alle sake vir bespreking moet asb sover moontlik op skrif gestel word.
- Algemene Jaarvergardering sal skuif na **DINSDAG 10vm 17 Desember 2019**, weens die hoë koste van saal op 'n publieke vakansiedag. – Mike Wray en Marilyn Collins sal die advertensie reël.
- Die Voorsitter vra Anton Dellemijn om die Munisipaliteit te vra vir die **WITVERF** van die muur voor in die saal vir "Power Point" voorligtings, aangesien alle groepe daarby kan baat.

18. **VOLGENDE VERGADERING** Die volgende vergadering sal op Woensdag, 4 Desember 2019, om 13:00 by Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.

| ***MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2019*** | |
|---|---|
| ***Onderwerp*** | ***Bespreking*** |
| ***2. Sake by Munisipale Regsafdeling:*** | |
| ***a.Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)*** | ***Rdl Anton*** |
| ***b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)*** | *Bewarea* |
| ***3. SPOOROORGANGBLOKKE*** | ***C BARRY/<br>S GROBLER*** |
| | |
| | |

**Indeling van portefuljes.**

**1. Sekretariaat**

| | |
|---|---|
| Regsdienste | George Nezar |
| Admin Dienste | Mike Wray |
| Verenigings Bestuur   Informasie , Kommunikasie Dienste en Media skakel | Mike Wray<br>Marilyn Collins |
| Webtuiste | Klaus Oellrich **(kennisname)** |

**2. Kooperatiewe Dienste**

| | |
|---|---|
| GOP Proses | George Nezar  Wyk 5 |
| Begrotingsmonitering en uitvoering | Buks Pieterse  Wyk 4 |

**3. Ekonomiese Ontwikkeling**

| | |
|---|---|
| Bewaria- Land, Kus en Kleinbrak rivierstelsel | Robin Fick **(kennisname)** |
| Toerisme | Ann Pretorius |
| Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling | Pieter le Roux |
| SMME | Buks Pieterse |

**4. Infrastruktuur Dienste(Tegnies & Geintegreerde)**

| | |
|---|---|
| Water | Cecil Barry |
| Riool | Frik Nel |
| Paaie en Stormwater | Sollie Grobler |
| Elektriese Dienste | Johan Muller |

**5. Gemeenskaps Dienste**

| | |
|---|---|
| Veiligheid | Jacques Radley |
| Rampbestuur | Kobus Kotze |
| Skoonmaak van erwe & groengordels | Charl Coetzer |
| Afval bestuur       Gemeenskapsale | Johan Spies |